

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 12: Vayechi – En Hy Het Geleef.

Ya'akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya'akov, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28¹.

Torah : Gen. 47:28 tot 50:26.

Haftorah: 1 Kon. 2:1 tot 12.

Nuwe Verbond: Luk 1:33; Luk. 4:31-5:11; Hand. 7:9-16; Hand. 15:17; Heb. 11:21-22; 1Pet. 1:3-9; Open. 5:5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 12 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

He who has conquered his own coward spirit has conquered the whole outward world. – Thomas Hughes.

Nothing teaches us about the preciousness of the Creator as much as when we learn the emptiness of everything else. – Charles Spurgeon.

We should be more concerned with reaching the lost than pampering the saved. – David McGee.

One of the consequences of sin is that it makes the sinner pity himself instead of causing him to turn to God. One of the first signs of new life is that the individual takes sides with God against himself. – Donald Barnhouse.

The value of life lies not in the length of days, but in the use we make of them. – Michel de Montaigne.

Experience is a cruel teacher – first it gives the exam and then the lesson. – Anonymous.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In die vorige drie Torahskriflesings het ons waardevolle lewenslesse deur Yosef se lewe geleer, asook dat hy 'n sinnebeeld was van Yeshua, dié Gesalfde Een.

Een van die belangrike lesse wat ons geleer het, is Yosef *dit-sal-ook-ten-goede-meewerk-vertroue* in die Vader. Dit herinner ons aan Sha'ul se woorde in Rom. 8:28-30.

28 Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word.

29 want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers

30 en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.

In hierdie twaalfde Torahskriflesing (*Vayechi*) neem ons egter afskeid van Yosef en ook van sy vader Ya'akov.

Ons het ook gekom aan die einde van *B'reisheet* (Genesis), die eerste van die vyf boeke van יהוה se Torah, en aan die einde van die geskiedenis van ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov. Maar ons weet dat die einde is altyd 'n nuwe begin en daarom is *Sh'mot* (Exodus) die begin van onderrig van die nageslag van Avraham, naamlik van יהוה se volk Yisra'el. Die laaste vier boeke van die Torah is hoofsaaklik יהוה se liefdevolle onderrig in onpartydige opregtheid met voorbeelde van hoekom vertroue in God en gehoorsaamheid aan Torah noodsaaklik is om al God se seëninge deelagtig te wees. Maar die laaste vier boeke van Torah is ook vol van die gevolge van wantroue in God se beloftes en van ongehoorsaamheid aan Sy Torah.

Dit is ook nuttig om te onthou dat die vyf boeke van die Torah (Instruksies) deur Mosheh saamgestel is vanuit oorleweringe en skrywes van ten minste tien mense, maar die grootste gedeelte het Mosheh in opdrag van God self geskryf.

Die geskiedenis in Genesis het baie jare voor Mosheh se geboorte plaasgevind, en tog vorm dit saam met die ander vier boeke van Torah 'n eenvormige prentjie van יהוה se Karakter en Outoriteit, en is dit ook die fondament van God se Raadsplan van herstel. Daarom is hierdie eerste vyf boeke van die Afgesonderde Skrif 'n kragtige getuienis en bewys van die bestaan van die Enige Ware Lewende Skepper-God! Hy is El-Olam – die Ewige Magtige God (Gen. 21:33; Open. 4:8-10). Hy is die Onveranderlike (Mal. 3:6) by Wie daar geen verandering of skaduwee van wysiging is nie (Jak. 1:17).

Alvorens ons met die lees en bespreking van *Sh'mot* begin, moet ons herinner word dat die oorhoofse doel van יהוה se Woord, van Genesis tot Openbaring, die bou van 'n Koninkryk is waar God se volk, Sy kinders (onderdane, burgers), 'n Torahgehoorsame koninklike priesterdom is, wat deel het in die vreugde en die seëninge van daardie Koninkryk sodat יהוה daardeur verheerlik sal word. Daarom het Yeshua ons geleer om te bid: “Laat U Koninkryk kom, laat u wil gedoen word, op die aarde soos in die hemel” (Matt. 6:10).

Dit is ook belangrik om te onthou dat ons die eerste vyf boeke van die Afgesonderde Skrif bestudeer omrede dit die basis is van al God se onderrig, instruksies en wysheid wat ons

benodig en moet gehoorsaam om hierdie Koninkryk te bou en hoe om as “wetsgehoorsame burgers” daarin te lewe!

In *B'reisheet*, wat in die begin beteken, het ons deur die lewe van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov geleer hoekom 'n verhouding met יהוה as Skepper-God en as Vader belangrik is, asook hoe so 'n verhouding moet wees, naamlik 'n verbondsverhouding! Ons voorvader Avraham is die ewige voorbeeld van 'n lewe van vertroue in יהוה se onverdiende guns en van gehoorsaamheid aan alles wat יהוה beveel het. Hierdie is die fondament waarop 'n verhouding met יהוה gebou moet word. Dit was so in die ou verbond en is steeds so in die nuwe verbond soos wat dit deur ons Meester, Yeshua bevestig is. Hierdie ewige patroon (gietvorm) word deur die volgende teksverse opgesom en bevestig:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6.

Aan Yitz'gak het יהוה ook aangaande Avraham gesê:

3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het

4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees

5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het. Gen. 26:3-5.

Avraham is daarom die vader van almal wat in Yeshua as dié Gesalfde van God vertrou tot vergifnis van sonde (Rom. 4:14-16). Hy is ook die vader van die onbesnedene (Rom. 4:11-12).

Avraham was geregverdig (onpartydig en opreg) verklaar op grond van sy vertroue en gehoorsaamheid en sonder dat daar 'n tabernakel, 'n Levitiese priesterorde en offerandes was! Hierdie is die patroon wat in die nuwe verbond herhaal word. In ons verdere studies van die oorblywende vier boeke van Mosheh, veral met betrekking tot *Sh'mot*, is dit uiters belangrik om hierdie feit te onthou!

In Genesis sien ons ook die vestiging van 'n ander baie belangrike patroon wat in die Skrifte herhaal word, naamlik: Die gevolg van ongehoorsaamheid aan Torah is dat יהוה se volk nie meer in die land mag woon wat God gekies het nie. Nadat Adam en *Chava* (Eva) gesondig het, het God hulle weggestuur uit die tuin van Eden – uit Sy land (Gen. 3:23). Hierdie is 'n profetiese skadubeeld van wat met die twaalf stamme van Yisra'el sou gebeur.

Volgens Jes. 46:9-10 maak יהוה die einde deur die begin bekend. Indien ons dus wil weet wat in die einde van dae gaan gebeur, moet ons leer wat God aan die begin gesê en gedoen het. Dit is ook een van die baie belangrike redes hoekom ons Torah, die eerste vyf boeke van die Afgesonderde Skrif, bestudeer!

In Genesis het ons geleer van יהוה as Skepper-God, maar Exodus is die begin waar ons יהוה gaan leer ken as Verbondsgod en gaan leer van God se instruksies (onderrig en wysheid) vir 'n voorspoedige lewe!

Bepeins of Bespreek

1. Die vraag wat ons elkeen moet vra is of ons die tipe vertroue van Yosef in God het, veral in tye wanneer dit nie gaan volgens ons beplanning (begeerte, behoefte) nie? Onthou:

Yosef het vir sowat 13 jaar onregverdigde behandeling verduur. God het dit toegelaat, want Yosef moes voorberei word vir sy roeping. Sien ons teëspoed as 'n geleentheid om onself te leer ken, onself te verootmoedig en as voorbereiding vir ons roeping en vir dit wat Vader se wil is, of blameer ons altyd vir satan? Ons elkeen moet ook by 'n *ground-zero* in ons lewe kom, waar ons beproef gaan word en in die Lig van ons Skepper-God na onself moet kyk! Dikwels is *ground-zero* nie die einde nie, maar juis geleentheid vir 'n nuwe begin!

En Jakob het Geleef

Hierdie week se Torahskriflesing begin in Gen. 47:28 met die woorde:

Ya'akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya'akov, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was.

Die laaste 17 jaar van Jakob se lewe het hy in Mitzrayim deurgebring. Daar kon hy in vrede saam met sy kinders en kleinkinders lewe en was hulle as familie versoen gewees. Daarom is die naam van ons Torahskriflesing *Vayechi* wat beteken *En hy het geleef*. Die grondwoord van *Vayechi* is *chaya* wat beteken *om te lewe*, asook *om voorspoedig te lewe*, *aangevuur te word* en *om vernuwe te word tot 'n lewe van gesondheid*.

Die getal 17 is ook die numeriese waarde (gematria²) vir die Hebreeuse woord *tov* (טוב) wat *goed* of *goeie* beteken, soos byvoorbeeld om mekaar 'n goeie week toe te wens met *shavua tov*!

Slegs die laaste 17 jaar van Ya'akov in Mitzrayim was dus goeie jare van 'n voorspoedige lewe. Die ander 130 jaar het hy self beskryf as *die jare van my verblyf as besoeker..... Min in getal en vol booshede* (Gen. 47:9).

Van hierdie 130 jaar het Ya'akov sy vader Yitz'gak vir 20 jaar nie gesien nie en vir bykans 20 jaar gedink dat sy geliefde Yosef dood is. Hy het ook vir 'n groot gedeelte van sy lewe in die skadu van Esav geleef en op die grondgebied wat aan sy agterbakse oom Laban behoort het.

Soms neem dit bykans 'n leeftyd voor sekere van ons probleme opgelos word, of ons gebede verhoor word, of ons die begeertes van ons hart ontvang en selfs voordat ons die rol vervul waarvoor Vader ons geroep het. In Rom. 1:17 lees ons dat die regverdigde sal vanuit die vertrouwe lewe. Dit is die getuienis van beide Ya'akov en Yosef se lewens! In Heb. 11:13, 39-40 praat dit van die mense van die ou verbond wat die getuienis van die belofte ontvang het, sonder om dit te verkry het. Die lewensles is om vas te hou aan Vader se beloftes al word dit nie in ons leeftyd 'n werklikheid nie! Ons het geduld nodig om die wil van God te doen en die belofte te ontvang (Heb. 10:36).

Soos Ya'akov kan ons ook uitroep: *Op U verlossing wag ek*, *יְהוָה* (Gen. 49:18). Die Hebreeus vir *verlossing* is *Yeshua*. Jakob het gewag op Yeshua, dié Gesalfde Een, die Ware Verlosser. So moet ons met vertrouwe wagtend bly op die verlossing van ons kinders, die verlossing uit ons probleme, die beantwoording van ons gebede en op die wederkoms van ons Meester Yeshua – ons 'finale' verlossing van hierdie wêreld. Het ons die vertrouwe en geduld om wagtend te bly?

² Elk van die 22 letters van die Hebreeuse alfabet het 'n numeriese waarde. Daarom het elke Hebreeuse woord 'n numeriese waarde. Hierdie berekening van die numeriese waarde van 'n woord staan bekend as gematria

Om op יהוה te wag is nie 'n passiewe handeling nie, maar dit is om te wag (te hunker met ywer) deur voorbereidings te tref op die openbaring en manifestasie van dit waarvoor ons wag.

⁷ Die pad van die nederige is gelyk; die pad van die onpartydig opregte is reguit en gelyk.

⁸ Inderdaad, in die pad van U oordele, o יהוה, het ons U gretiglik verwag; U Naam (Karakter en Outoriteit), U gedagtenis, is die begeerte van ons lewe. Jes. 26:7-8.

Wag op יהוה! Wees onveranderlik dapper en vol vertroue! Ja, wag op יהוה! Ps. 27:14.

⁵ Ek vertrou in יהוה; my lewe wag vir Sy boodskap.

⁶ Ek het gewag op יהוה vanaf die oggendwag tot die aandwag toe.

⁷ Laat Yisra'el met versekerde verwagting wag op יהוה; vanaf יהוה kom goedheid en oorvloedige bevryding. Ps. 130:5-7.

Ya'akov het ook vasgehou aan יהוה se belofte aan Avraham van die beloofde land, Kena'an. Hy het geweet dat sy nageslag Kena'an in besit moet neem. Daarom Ya'akov se versoek aan Yosef soos opgeteken is in Gen. 47:29-31 om hom nie in Mitzrayim te begrawe nie, maar wel in Kena'an. Yosef het ook hierdie belofte geglo en daarom sy versoek aan Farao om Ya'akov in Kena'an te gaan begrawe (Gen. 50:24-26), asook om self daar begrawe te word (Gen. 50:25).

Net voor Ya'akov gesterf het, het hy sy voete teruggetrek op die bed (Gen. 49:33). Wat is die betekenis hiervan? Deur sy voete terug te trek het Ya'akov simbolies uit Mitzrayim getrek. Hierdie is ook 'n sinnebeeld van wat met sy nageslag sal gebeur. Mitzrayim het wel in Yisra'el se aardse behoeftes voorsien, want God het hulle geseën, maar Hy wou hulle na die beloofde land neem om daar in al hulle behoeftes te voorsien en as God en Koning oor hulle te heers! Dit is ook 'n afbeelding van wat elkeen van ons moet doen. 'Mitzrayim' (die wêreld) voorsien miskien wel in al ons behoeftes deur die onverdiende guns van God, maar Vader wil hê ons moet uit 'Egipte' kom en gaan na die beloofde land wat Hy vir ons beplan!

Dit herinner ons aan Open. 18:4-5

⁴ Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,

⁵ want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

Bespreek of Bepeins

1. Deel van die lewe is om voorbereiding te maak vir die dood. Voorbereiding vir die dood is om voorbereiding vir die lewe na die dood te maak. Ya'akov het met volle vertroue die dood tegemoet gegaan, want hy het 'n verhouding met יהוה gehad!
2. Het die Vader nie ook vir ons 'n 'beloofde land' nie? Is ons nie geneig om vas te hou aan 'Egipte' nie, want dit bied ons gerief en sekuriteit? Vergeet ons nie soms wat Vader se uiteindelijke wil vir ons is nie? Selfs op sy sterfbed het Ya'akov nie יהוה se uiteindelijke doel vergeet nie!
3. Aanvanklik toe Ya'akov gehoor het van Yosef se sogenaamde dood het hy gesê dat hy treurend na die doderyk (*she'ol*) sal neerdaal (Gen. 37:35). Maar nou op sy sterfbed verwys hy na die dood en die graf as die plek waar sy volksgenote versamel is (Gen.

49:30). Wat, indien enige, is die verskil tussen Ya'akov se woorde in Gen. 37:35 en Gen 49:30? Is daar 'n verskil tussen die doderyk (*sh'ol*) en die graf (*kehber*)? Is die enigste verskil dat Yosef nou op sy sterfbed berusting gevind het?

Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie

Een van die baie belangrike dinge wat Ya'akov gedoen het net voor hy gesterf het, was om elk van sy seuns te seën met 'n profetiese woord. Hy het die volgende profetiese seën oor Y'hudah uitgespreek:

⁹ Y'hudah is 'n jong leeu; van die prooi af het jy opgegaan, my seun. Hy buig af, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?

¹⁰ Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees.

¹¹ Hy maak sy donkie vas aan die wingerdstok en die vul van sy donkie aan die edelste wynstok; Hy bleik sy klere in wyn en sy kledingstukke in die sap van druiwe.

¹² Sy oë skitter van wyn en sy tande is wit van melk. Gen. 49:9-12

Hierdie is een van die vele profesieë oor die koms van dié Gesalfde Een van God as die Redder (Verlosser) van Ysra'el – die Een aan Wie die septer, die sinnebeeld van heerskappy, behoort! Yeshua, dié Gesalfde van God het gekom uit die nageslag van Y'hudah. Dit is daarom gepas dat Ya'akov hierdie profetiese seën oor Y'hudah uitgespreek het, want sy naam beteken יהוה *het gered (is my redding)*! En nou kan ons die legkaart voltooi, want die Naam van Yeshua (ישוע) beteken *Redding (Verlossing / God sal red)*.

In Sag. 9:9 vind ons 'n soortgelyke profesie, naamlik:

Swaai in die rondte van vreugde, oorfloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op 'n donkie, op 'n jong donkie, die vul van 'n donkie.

Die woorde van יהוה-God aan Mosheh in Deut. 18:15-20 is dus vervul, naamlik:

¹⁵ יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister

¹⁶ volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.'

¹⁷ יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.'

¹⁸ Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel.

¹⁹ Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie,

²⁰ maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf.

Onder die ou verbond was Mosheh aangestel oor die huishouding van God, maar Yeshua wat gekom het "in die plek" van Mosheh is aangestel oor die huishouding van God van die nuwe verbond. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verduidelik dit soos volg in Heb. 3:1-6:

¹ My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.

² Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh in God se hele huishouding getrou was,

³ want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,

⁴ want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God.

⁵ Mosheh was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

⁶ maar dié Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou.

Volgens Torah is dit dus duidelik dat daar 'n Profeet na Mosheh sou kom na wie se woorde ons moet luister. Hierdie Profeet is Yeshua, dié Gesalfde Een, wie se lof en eer baie meer is as die van Mosheh wat 'n dienskneg was! Maar Yeshua is die Seun van God wat nie net as Profeet deur God aangestel is nie, maar ook as Koning en Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek. As Koning, Hoofpriester en Profeet moet ons hoor en doen volgens יהוה se Torah soos dit in Yeshua tot volheid gebring is (Matt. 5:17-19) en in die Skrifte van die nuwe verbond opgeteken is!

Yeshua is die Een wat gekom het uit die stam van Y'hudah aan wie die septer van Koningskap behoort. God self sal Sy woorde in Yeshua se mond lê en Hy sal aan hulle sê alles wat God Hom beveel. God self sal rekenskap eis van die man wat nie luister, hoor en God se woorde doen, wat Yeshua in die Naam (Karakter en Outoriteit) van God beveel nie.

God se Torah is ewig

In vorige Torahstudies het ons geleer dat יהוה se Torah van die begin af, reeds voor die grondlegging van die wêreld, bestaan het. Adam en Chava, asook Noag, Avraham en sy nageslag het יהוה se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies in onpartydige opregtheid, ontvang waarvolgens hulle moes lewe. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat יהוה se Torah reeds voor Mosheh en die berg Sinai bestaan het!

יהוה se Torah is geestelik (Rom. 7:14) en daarom kan dit nie vernietig word nie – dit is ewigdurend! Dit is die Karakter en Outoriteit van יהוה en daarom bestaan יהוה se Torah onafhanklik van die fisiese realm en van tyd.

Omrede יהוה se Torah deel van Sy Karakter en Outoriteit is, kan die grondslag (riglyne) van יהוה se Torah, en die aard (wese) daarvan, nie verander nie. Dit beteken dat יהוה se Torah vanaf Genesis tot Openbaring steeds geldig is! **MAAR** verandering in omgewing en omstandighede bring egter 'n aanpassing in die praktyk van toepassing en uitvoering van יהוה se Torah! Byvoorbeeld: Voor Yeshua, onder die ou verbond, was die Torah van Moses fisies gerig, maar tog heenwysend geestelik en dus steeds goed. Na Yeshua het die klem onder die nuwe verbond geskuif na die geestelike verstaan en doen. (Matt. 5:22-22).

Onder die ou verbond het dit gegaan oor 'n fisiese Koninkryk, terwyl onder die nuwe verbond is die fokus op die Hemelse Koninkryk.

Yoganan, die Doper, het gesê: “Draai weg van julle sondes na God toe, want die Koninkryk van die hemel is naby!” (Matt. 3:2)

Yeshua het gesê: “Draai weg van julle sondes af na God toe, want die Koninkryk van die hemele is naby!” (Matt. 4:17). En aan die Fariseërs het Yeshua gesê: “Die Koninkryk van God kom nie sigbaar nie en hulle sal ook nie sê: ‘Let op, dit is hier!’ of: ‘Let op, dit is daar!’ nie, want let op, die Koninkryk van God is in sommige van julle.” (Luk. 17:20-21).

Aan Timoteos het Sha’ul gesê: “en my Meester sal my bevry van elke bose daad en sal aan my Lewe gee in Sy Koninkryk, wat in die hemel is, want tot Hom is die eer, lof en grootheid vir tydlose ewigheid! Dit is waar.” (2Tim. 4:18).

Ons het ook geleer dat die mens van die begin af in ‘n verbondsverhouding met יהוה hulle Skepper-God gelewe het soos dit ondermeer in Hos. 6:7 bevestig word. יהוה is die getroue Verbondsgod!

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot ‘n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam. Deut. 7:9.

Dit is daarom uiters belangrik om te verstaan dat van die begin af was die verhouding tussen יהוה en die mens ‘n verbondsverhouding en was die Torah die instruksies wat hoort by die spesifieke verbond wat op ‘n gegewe tydstip geldig was. Daarom moet ons weet watter Torah is van toepassing op die gelowiges onder die nuwe verbond!

Ons is deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een, die onpartydige opregtheid van יהוה-God (2Kor. 5:21) en nou moet ons die onpartydige opregtheid van die nuwe verbond doen (Matt. 6:33), naamlik die Torah van Yeshua met sy veranderinge in praktyk en toepassing daarvan. Hierdie onpartydige opregtheid is ‘n juk wat sag is en ‘n las wat lig is (Matt. 11:30).

Dit beteken dat soos ons die Skrifte bestudeer, moet ons onderskeid maak van watter verbond daar van gepraat word en watter Torah saam met daardie verbond funksioneer. Maar ongeag watter verbond en watter Torah van toepassing is, dit is steeds יהוה se verbond en יהוה se Torah wat ewig is. Hierdie verbonde, elk met sy toepaslike Torah, is die pad van herstel volgens יהוה se plan sodat alles sal eindig waar dit begin het, naamlik ‘n herstelde tuin van Eden – ‘n nuwe aarde en ‘n nuwe Jerusalem [Dit is aan te beveel om weer die notas van Parashah 4-1 te lees: [Parashah1Notas.17](#)].

Daarom gaan ons met ons verdere Torahstudie leer wat die doel van die Torah van Moses in יהוה se plan van herstel is! Onthou altyd: Die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 tot 11)! Soos dit aan die begin was, so sal dit teen die einde wees!

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme het Yeshua verwerp en daarom is hulle fokus steeds op die Torah van Mosheh wat die fisiese herbou van die tempel vereis met die gepaardgaande Levitiese priesterorde en die offerandes. Maar wat leer die Skrifte van die nuwe verbond ons oor hierdie dinge? Wie en wat is die tempel? Wie is die priesterorde en die Hoofpriester? Watter offers moet gebring word? Was Yeshua die eenmalige offer gewees wat verdere fisiese offers in ‘n tempel tot einde gebring het? Is ons tot en met Yeshua se wederkoms in die dispensasie van ‘n aardse- of Hemelse Koninkryk? Het daar ‘n verandering in die praktyk en toepassing van Torah soos God dit aan Mosheh gegee het gekom na die folterdood en opstanding van Yeshua ons Meester?

2. Bogenoemde is van die talle belangrike vrae wat elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, sal moet beantwoord, want dit gaan bepaal wie deel van die eindtyd misleiding gaan wees en wie in die Waarheid tot die einde sal volhard!

Aan die einde van Genesis kan ons ook vir mekaar die volgende toewens:

Chazak! Chazak! Ve'nitchazek!

Wees sterk, wees sterk en word versterk!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliied.info

Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.